# Mango fly

Dr. P.T.Kenny





# Beeld

DIS JOU LAND OOK NNP

● 'n 'Oorwinning vir elke mishandelde vrou in die land'

● Lewenslange vonnis verander in opgeskorte tronkstraf

# Vrou vry ná moord

'Waterpokkies' toe larwes onder vel

Vuurwarm naweek besparing!

CHARCOAL BRIQUETTES

19 99

...anks sweer wraak ná 9 se dood in Irak



# 'Waterpokkies' toe larwes onder vel

Antoinette Pienaar

'n Gesin van Pretoria het die skok van hul lewe gekry toe mangovlieglarwes onder hul velle ingekruip het. Dit moes onder narkose uit hul 19 maande oue dogtertjie verwyder word.

Mev. Yolandi Horn en haar man, André, het verlede week 'n vreemde uitslag op hul dogtertjie, Anandi (19 maande), se vel gesien.

Hulle is Saterdag dokter toe nadat sy koors gekry het.

"Ek het ook 'n paar kolle op my lyf gehad. 'n Pediater in die Femina-kliniek het gesê ons het waterpokkies en medisyne voorgeskryf.

"Dinsdag het ek Moot- Algemene Hospitaal toe gejaag weens erge pyn op my rug waar die vyf knoppe was.

"Toe die dokter dit oopkrap, het sy op die vlieglarwes afgekom.

"Ek en my man, wat ook 'n paar knoppe gekry het, het ons larwes self uitgedruk.

"Dit is toe dat my man sê hy sien iets beweeg in die stukkende plek op

Anandi se kop. Dieselfde aand het
klein, vet, liggeel deurskynende
wurmpie langs haar kop uitgekom

Dr. Martin van Niekerk, 'n pedi
triese chirurg, het eergister by die
Kloof-hospitaal minstens 20 larwes
onder narkose uit die kind se lyfie
verwyder nadat hy elke wond met
dik spuitnaald stukkend gesteek h

Hy het gesê dit was larwes wat n
self uitgekruip het nie nadat die u
slag met petroleumjellie gesmeer i
om hulle te versmoor. Van die larv
was dood of te diep onder haar vel

Volgens prof. Erik Holm, afgetre
departementshoof van entomologi
aan die Universiteit van Pretoria,
kom die mango- of tumbuvlieg alg
meen in die Laeveld voor en kan d
nat weer veroorsaak dat hy sy geb
tot in Pretoria uitbrei.

"Hy lê sy eiers op wasgoed. Sodr
dit op die vel kom, broei die eiers
en die larwes boor in die vel in.

"Die larwes sal nie oorklim soos
kopluis nie en is nie gevaarlik nie
maar die plek waar hy inklim, kan
septies raak en 'n litteken los."

# Puisies? O nee, dis larwes wat in jou broei

Beeld, Vrydag 24 Februarie 2006

## 'Span strykyster teen dié gril-vlieg in'

Antoinette Pienaar

Grillerige vlieglarwes wat hulle onder die mens se vel tuismaak, het 'n hele paar Pretorianers groot laat skrik die afgelope paar weke.

Die baie reën en warm weer het veroorsaak dat heelwat meer mense as vorige jare by dokters of ongevalle-afdelings van hospitale opdaag met 'n vreemde uitslag op hul vel, onwetend dat hulle die tumbuvlieg se larwes in hulle saamdra. In die volksmond staan dié vlieg bekend as die mangovlieg.

'n Suster by die Medicross-kliniek in Pretoria-Noord het gesê hulle sien deesdae twee tot vyf mense per week, teenoor geen gevalle verlede jaar. 'n Baba is teater toe gestuur sodat die larwes onder narkose verwyder kon word.

"Dit het gelyk soos waterpokkies. Die lyfie was oortrek daarvan," het die suster gesê.

Nog 'n suster van die Medicross-kliniek in Gezina het gesê hulle het reeds drie gevalle sedert Januarie gehad, teenoor net een die hele verlede jaar. "By twee pasiënte het ons twee vettes uitgehaal en by die derde 'n klomp klein larwetjies, so kopspeld-grootte."

*Beeld* verneem daar was ook 'n paar gevalle in die ooste van Pretoria, onder meer in Garsfontein en Faerie Glen.

Dr. Roelof Loxton, 'n mikrobioloog van die Lancet-laboratorium in Pretoria, het gesê hulle het die afgelope twee maande minstens agt oproepe ontvang, onder meer van dokters wat wil weet hoe om die pasiënte te behandel.

"Die vlieg lê sy eiertjies op die wasgoedlyn en hulle broei uit weens die mens se liggaamshitte. Dit is nie gevaarlik nie en beslis nie omdat mense 'vuil' lewe nie."

Volgens Loxton is daar meer gevalle vanjaar as vorige jare.

'n Manier om die eiertjies dood te maak, is om die wasgoed met 'n warm strykyster te stryk of in 'n tuimeldroër te gooi. Die larwe kan binne minder as twee weke sowat 15 mm lank word onder jou vel.

In Noordwes is daar teen middel vandeesmaand minstens 150 gevalle aangemeld.

Prof. Erik Holm, 'n entomoloog, het vroeër gesê die vlieg kom algemeen in die Laeveld voor.

■ aapienaar@beeld.com

### Raak só ontslae daarvan

Die tumbuvlieg (in die volksmond bekend as die mangovlieg) se wetenskaplike naam is *Cordylobia anthropohaga*.

- Die vroulike vlieg lê haar eiers óf op droë sand wat met urine en ontlasting besmet is óf op babadoeke wat nie behoorlik gewas is nie;
- Die eiers word net in die skaduwee gelê, die larwes broei binne een tot drie dae uit en begin dan dadelik soek na 'n gasheer;
- Die larwe grawe vinnig deur die vel met sterk hakies by sy mond en veroorsaak 'n pitseer;
- Net sy luggaatjies (twee swart kolletjies) is oop sodat hy kan asem kry;
- Hy teer op weefsel en vervel drie keer, dan klim hy uit, val op die grond en word binne 24 uur 'n papie; en
- Die pitseer kan behandel word met vloeibare medisinale paraffien. Deur dit daaroor te smeer, moet die larwe uitkruip vir asem en sal jy dit kan uitdruk.



# MANGO FLY (Tumbu fly / Myiasis ).


- This fly is quite troublesome in the **more tropical climatic regions** of South Africa and sometimes causes a lot of consternation. The fly lies her eggs on clothes or on a baby's nappies hanging on a washing line. These eggs then hatch after 1 – 3 days. The larvae can survive without food or a host for up to 15 days.
- When the clothing is then put on, the larvae penetrate through the skin. Time needed for penetration varies between 25 seconds to 30 minutes depending on the thickness of the skin.
- After penetration the larva then burrows a hollow in the dermis and hypodermis. This hollow is in direct contact with the environment by way of an **opening** through which the posterior part of the larva and the respiratory apparatus protrudes. This opening is not visible with the naked eye. Eventually a nodule which looks like a furuncle, develops on the skin. There is an opening in the skin draining serous, or sometimes bloody fluid.

# Continued …..

- The lesions may be vesicular, bullous, pustular or echymotic. The patient later notices the “worm” inside the skin lesion. It is very disturbing for mothers with small babies to discover these “worms” when changing the baby’s nappy or when bathing the baby.
- These larvae move inside the ‘cell’ in which they develop and this leads to great concern for the patient who now believes that he/she, or the baby, is now being devoured from inside by the worms.
- Management of this condition comprise hooking each larva with a sharp needle and pulling it out of its ‘cell’. It can also be expressed by applying a little pressure on the ‘cell’ (sometimes under general anesthesia when the infestation is extensive).
- **Liquid paraffin** can also be applied to the lesions. This causes the respiratory system of the larva to become blocked forcing the larva to rapidly exit the ‘cell’ and thus the host.

# Continued ...

- The cavities from which the larvae are removed can be treated with some antiseptic ointment.
- Preventive measures include ironing the washing properly with a warm iron and in so doing destroying the eggs and the larvae. Avoid hanging washing outside in areas where the tumbu fly is endemic.
- Patients visiting the Lowveld or other endemic areas, may one day consult you about this appalling condition .


Mango-vlieg se lewenssiklus
Mango-vlieg
Papie
24 uur nadat dit uitval, verander dit in papie
Larwe 15 mm lank voordat dit uitklim
Larwe kruip onder die vel in. Agt tot tien dae onder vel
Eier
Larwe
Grafika: Anton Vermeulen